**7 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 10:5-34**
**Fokusgedeelte: Jesaja 10:5, 15-16**

## God bly in beheer van die geskiedenis

In die tyd waarin ons leef, lyk dit soms vir 'n mens of die Here nie meer in beheer is nie. Daar is soveel mense wat nie meer die bestaan van die Here erken of sy heerskappy aanvaar nie.

Dit is duidelik dat die profeet Jesaja 'n heeltemal ander siening van die heerskappy van God gehad het as wat vandag in sommige kringe aanvaar word. Vroeër in die boek het Jesaja die Here se oordeel aangekondig. Hy het ook aangedui dat die Here die groot wêreldmag van sy tyd, Assirië, gaan stuur om die oordeel te voltrek. Dit het Assirië gedoen, maar sonder om te besef dat hy daarin eintlik maar 'n instrument van die Here is. As gevolg van sy selfverheffing gaan Assirië nou egter self deur die Here geoordeel word. Assirië was inderdaad die werktuig van God se toorn, maar het in die voltrekking van die oordeel van die Here alle perke oorskry. Dit is soos 'n byl wat dink hy is meer as die een wat met hom kap.

Selfs die sterkste moondheid van Jesaja se tyd is maar net 'n instrument in God se hand. Daarom kan die Here later, in die tyd van Jeremia, Babel gebruik om Assirië te vernietig. God bly in beheer, selfs wanneer hy sy volk deur die ellende van ballingskap laat gaan.

Christus het dit baie duidelik gemaak dat Hy alle mag in die hemel en op aarde het – daarom is God steeds in beheer, al wil die mens dit nie erken nie.

*Sing: Skrifberyming 10*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*